**PSALM 24 – GK-Sasolburg – 13Aug**

1. **VOTUM** > Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid!
2. **SEËN (bid)** > Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees by ons almal wees. Amen

3. **Skrifberyming 1-2 (60):1,2,3 }** Loof die Here
4. **GELOOFSBELYDENIS (Nicea)**
5. **WETLESING Eks 20 (2020)**
6. **SKRIFBERYMING 12-3:1,2** > Bely: Glo in die Here met ons hele hart.
7. **SKRIFBERYMING 10-1:3,4** > Bid vir vergifnis van sondes; leiding…
8. **GEBED**

   - AANBIDDING: Enigste God; niemand soos U nie; "…al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat "God" en baie wat "Here" genoem word, is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe" (1 Kor 8:5-6).
   - AANBIDDING: Skepper. Sien elke dag rondo mons. Sien dit in son wat opkom en weer sak. Maan en sterre. Ritme van seisoene, blare wat verkleur. U alleen is God. Ons loo fen prys U.
   - AANBIDDING: Nie net God … nie net Skepper. Deur JC ons Vader. Kyk watter groot liefde. Kinders aangeem. Hoe kan ons U ooit genoeg dank? Dit is genade alleen, loof.
   - VOORBIDDING: Erediens; Dag van Verootmoediging; leiding elke dag.

9. **Kinderkerk verskoon**
10. **PSALM 24-1:1,2** > Here as Skepper, Heilige
11. **SKRIFLESING(1933/53)**

| | |
|---|---|
| **SKRIFLESING:** | Psalm 24:1-10 |
| **FOKUS**: | Psalm 24:1-2 |
| **TEMA**: | *Die Here is Skepper, Heilige, Koning!* |

12. **PREDIKING**
13. **GEBED**
14. **GELEENTHEID OM TE ANTWOORD MET DANKBAARHEID: LIEFDEGAWE**
15. **PSALM 24-1:3,4,5** > Reinheid in Christus; koms van Erekoning!
16. **WEGSTUURSEËN (bid)** > Mag daar vir ons Genade & vrede wees van Hom wat is & wat was & wat kom, en vd sewe Geeste voor sy troon, [5]en van JC, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Amen
17. **Amen**
18. **Afkondigings**

**Preek: Prof Albert Coetsee**

Geliefdes in ons Here

Ons lewe in ʼn tyd wat daar baie vreemde gebruike van die Bybel is. Sommige gebruik dit as ʼn boek om die toekoms te voorspel. Ander beskou die Bybel weer as bron van morele lesse – iets soos "Tien stappe tot ʼn gelukkiger jy". Nog ander gebruik die Bybel amper soos een of ander towerboek: ek soek ʼn antwoord op ʼn sekere probleem, bid vir leiding, en laat die Bybel oopval – en daar waar hy oopval kry ek my antwoord. So kan die voorbeelde aangaan en aangaan.

Maar wat is die Bybel ten diepste? Hoekom het die Here dit vir ons gegee? Die antwoord is eintlik baie eenvoudig – en tog geweldig groot. In die Bybel openbaar die Here wie Hy is ... hoe Hy gedien wil word ... en hoe ons gered kan word.

Psalm 24 is ʼn skitterende voorbeeld van al hierdie sake. Hier hoor ons op treffende wyse wie die Here is. Dit gaan in die eerste plek oor Hom. Hy is Skepper, Hy is Heilige, Hy is Koning. Maar in dieselfde asem openbaar hierdie Psalm ook hoe ons moet lewe. Indien God Skepper, Heilige, Koning is, hoe moet ek voor Hom lewe? Die Psalm antwoord presies. Mag ons almal daarom ons ore spits en hoor wat die Here in hierdie Psalm vir ons openbaar.

Psalm 24 bestaan uit drie dele. Vers 1 tot 2 hoort saam, dan vers 3 tot 6, en laastens vers 7 tot 10. Sommige geleerdes meen dat hierdie drie dele oorspronklik drie afsonderlike liedere was wat later saamgevoeg is. Ons weet nie. Maar wat ons wel weet is dat die Psalm van die vroegste tye af in hierdie vorm oorgelewer is, en dat ons daarom dit as ʼn eenheid kan hanteer en ʼn boodskap daaruit kan kry.

Psalm 24 begin met die treffende belydenis:

## DIE GANSE SKEPPING BEHOORT AAN DIE HERE (Ps 24:1-2)

Hoor hoe stel vers 1 dit: "*Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon*". Met ander woorde, die Psalm begin met ʼn feit. Die

aarde en alles daarop en daarin behoort aan die Here. Die aarde met al sy aspekte behoort aan Hom. Dit is Syne.

Hiervoor is daar ’n baie eenvoudige rede: want Hy het dit gemaak. Die aarde en alles daarop en daarin behoort aan die Here, want – vers 2 – *“Hý het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome*”. Wat ’n skitterende argument is dit nie! Die aarde en alles daarop en daarin behoort aan die Here *want Hy het dit gemaak*. Dit is presies Paulus se argument in 1 Korintiërs 10(:26) as hy hierdie vers aanhaal. Die Korintiërs moenie vrees oor iets soos vleis nie, “want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here”.

Oor hierdie kort maar kernbelangrike belydenis is daar so baie wat ons kan sê.

<u>In die eerste plek</u> leer ons uit hierdie woorde dit wat reeds in Genesis 1 aan ons geopenbaar word. Die Here is Skepper. Hy het die ganse heelal gemaak. Hy alleen. Daar is geen sprake van die oortuigings wat ander volke destyds gehad het nie, naamlik van gode wat teen mekaar veg en dan ontstaan die aarde per ongeluk nie. Hier is ook nie sprake van een god wat ’n ander god oorwin en daarom as oorwinnaar uit die stryd keer nie. Hier is nie sprake van chaos wat oorwin moet word nie. Hier is ook nie spore van enige evolusie-teorie of ’n “toevallige” ontstaan van alle dinge nie. Nee, hierdie woorde het Israel geleer en leer ons vandag steeds: Daar is net een God, en dit is die Here, en Hy alleen is Skepper van hemel en aarde (vgl. Gen 1:9; 1 Sam 2:8; Ps 104:5). Hy is soewerein. Hy is almagtig. In sy wysheid het Hy alles geskep.

In noue aansluiting hierby weerlê hierdie openingswoorde van Psalm 24 (<u>in die tweede plek)</u> die gedagte wat sommige mense destyds gehad het, naamlik dat die gode se mag beperk was tot ’n sekere plek of ruimte. Die god van die Filistyne sou byvoorbeeld slegs mag gehad het oor die gebied waar die Filistyne gewoon het. Psalm 24 leer dat die Here nie maar net een van ’n klomp gode is nie. Hy is die enigste God, en sy mag is nie beperk tot Israel se woongebied of ’n sekere stad of tempel nie. Hy het die *ganse* heelal gemaak, en Hy regeer oor dit alles. Vir Hom is daar geen grense of beperkings nie.

<u>In die derde plek</u> het hierdie belydenis van Psalm 24 Israel ook uitgedaag oor die manier waarop hulle oor ander mense dink. Op verskeie plekke in die Ou Testament word Israel God se uitverkore volk genoem. Dit is so. Maar plek-plek word dit duidelik dat Israel ŉ ongesonde hoogmoed ontwikkel het. In plaas daarvan om te besef watter genade aan hulle bewys is, het hulle op hulle status begin roem. Dink jou maar net in hoe Psalm 24 hulle denke moes uitdaag: Nie net Israel behoort aan die Here nie; nie net hulle is Syne nie. “Die [hele] aarde behoort aan die Here ... “die wêreld *en die wat daarin woon*”.

<u>In die vierde plek</u> openbaar die openingswoorde van Psalm 24 spesifiek die Here se eienaarskap. Omdat die Here alles gemaak het, behoort dit gevolglik aan Hom. Dit het geweldige implikasies vir die manier waarop ons dink en lewe.

Geliefdes, besef ons dit nog? Ons bely dat alles wat ons sien en nie sien nie deur Hom gemaak is (Nicea). As Hy dit gemaak het, behoort dit aan Hom. Dis Syne. Om dit te probeer illustreer by wyse van ŉ beeld: Meeste van die dinge wat ons het iewers op geskryf waar dit gemaak is. As jy byvoorbeeld ŉ speelding omdraai is staan daar “Made in China” of iets soortgelyks. Dit is amper so met alles. En wat gebeur wanneer jy dit aankoop? Dit hang af wat dit is, maar verskeie kere merk jy die ding wat jy gekoop het as jou eiendom. As jou kinders nuwe skoolklere kry, skryf jy hulle name daarop. As jy ŉ nuwe kar koop, word dit op jou naam geregistreer. Dieselfde met ŉ huis of ŉ plaas. Dit is nou jou eiendom. **[S]** Psalm 24 leer dat alles in die skepping as’t ware ŉ etiket op het wat sê: Gemaak deur die Here ... eiendom van die Here. Is dit nie aangrypend nie? Orals waar ons gaan moet ons dit op alles sien: Gemaak deur die Here ... eiendom van die Here.

Dit het natuurlik geweldige implikasies – in die eerste plek hoe ons omgaan me tdie natuur. Die aarde en alles daarop en daarin is die Here s’n. Ons moet daarom met dit omgaan asof dit die Here s’n is. Die dinge wat ons het is slegs aan ons toevertrou. Ons is slegs bestuurders, of soos die ouer mense gesê het, rentmeesters. Ons opdrag is om die skepping te *bewerk* – nie om dit te *bemors* nie. Ons opdrag is om die skepping te bewerk – nie om soveel as moontlik daaruit te kry met die tyd wat ons het nie. Om die aarde uit te buit en te misbruik is so goed as om te ontken dat God bestaan. Die feit dat die ganse heelal aan die Here behoort laat ons ander dink oor besoedeling,

herwinning, energiebesparing, die manier waarop jy jou diere hanteer, die verbruikers-kultuur van ons dag. In die woorde van die bekende kinderliedjie: ‘Dis nie myne nie, dis nie joune nie’ ... Die aarde behoort aan die Here, en gevolglik gee God se kinders om vir sy skepping.

Die belydenis dat alles aan die Here behoort het natuurlik ook implikasies vir ons mensbeskouing. Alle mense op aarde behoort aan Hom. Meer nog, soos ons elders in die Bybel leer, is almal in sy beeld gemaak. As ek na ander mense kyk, moet ek hulle sien as gemaak in God se beeld. Ja, ek sien gevalle mense in ŉ gevalle wêreld, maar steeds gemaak in die beeld van God. En dit verwyder hoogmoed, arrogansie, rassisme. En dit gebeur soveel te meer as ons in die boek Openbaring lees dat gevalle mense wat tot God se beeld herstel is deur Christus kom uit alle tale, stamme, volke en nasies (Open 5:9).

En om ŉ laaste implikasie te noem: Die belydenis dat alles aan die Here behoort het natuurlik ook implikasies vir die manier hoe ons dink oor ons geld en besittings. Alles wat ek behoort ten diepste aan die Here. Hy vertrou dit aan my toe om mee te lewe en mee te woeker. Maar dit bly Syne. Deur my liefdegawes of bydraes te gee, gee ek ten diepste eintlik maar aan die Here terug wat Syne is.

Geliefdes, om die eerste twee verse van hierdie Psalm saam te vat: Van begin tot einde handel hierdie twee verse oor wie die Here is. Hy is die Eienaar van die wêreld en alles daarop en daarin, want Hy het dit gemaak. Dit bring ons by die tweede deel van hierdie Psalm, waar ons hoor:

**DIE HERE EIS VOLKOME HEILIGHEID (Ps 24:3-6)**

Dit lyk of die tweede deel van Psalm 24 in beurtsang by die tabernakel of tempel gesing is. Ons hoor twee groepe. Aan die een kant die volk wat na die heiligdom kom om die Here te aanbid. Hulle staan buite en vra ŉ vraag: vers 3. Die tweede groep is die priesters binne die heiligdom wat hulle dan antwoord: vers 4-5. Hierop antwoord die volk dan weer: vers 6.

Die vraag wat die volk by die heiligdom vra, is: "*Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?*" Hulle vraag is eenvoudig: As die Here die groot, almagtige, soewereine Skeppergod is, wie mag tot Hom nader? Wie mag Hom aanbid?

Die antwoord wat die priesters gee hoor ons in vers 4: "*Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie*". Die priesters se antwoord is baie soortgelyk as die woorde van Psalm 15 (vgl. Jes 33:14-16). Maar wat ons moet raaksien, is dat die priester se antwoord absoluut omvattend is. Die een wat die Here wil nader, moet rein van hande wees (vgl. Jes 1:15; 1 Tim 2:8): dit verwys na sy <u>dade</u>. Die een wat die Here wil nader, moet suiwer van hart wees: dit verwys na sy <u>gedagtes</u>. Die een wat tot die Here wil nader, moenie sy siel ophef tot nietigheid nie: hy moenie sy vertroue op iets anders stel as die Here nie (vgl. Ps 25:1). Die een wat die Here wil nader, moenie vals sweer nie: dit verwys na sy <u>woorde</u>. Met ander woorde, watter tipe persoon mag tot die Here nader en Hom aanbid? Een wat rein is in woorde, dade en gedagtes. ŉ Persoon moet rein wees in al hierdie opsigte as hy tot die Here wil nader.

Geliefdes, hoe ernstig is hierdie woorde nie? Dit daag ons op soveel vlakke uit. Aan die een kant roep dit ons op om ernstig na te dink oor *wat* ons doen as ons tot die Here nader, en *Wie* ons nader. Ons kan Hom nie sommer maar net – onnadenkend – nader nie. Hy is die Here.

Aan die ander kant laat hierdie eise ons weer besef dat ons tog nooit moet dink dat ons ŉ skeiding kan maak tussen ons godsdiens en ons lewe nie. Is dit nie vreemd hoe mense soms dink dat hulle die Here op Sondae kan dien en die res van die week maar kan maak wat hulle wil nie? Dit is formalisme. Dan is jy besig met pligpleging. Dan raak jou geloof nie jou hele wese nie. Dan verander dit jou nie geheel en al nie.

Die grootste ding wat hierdie verse van Psalm 24 ons laat besef, is die geweldige hoë standaarde van die Here. Wat Hy van ons eis, is volkome heiligheid; nie ons standaarde van heiligheid nie. Sy standaarde is oneindig hoër as ons s'n. Ons kan nie die hoogspringlat sit waar ons hom wil hê en oorspring en onsself op die skouer klop nie. Ons kan nie soos die klein seuntjie pyle skiet na ŉ kaal muur en later die teiken

rondom sy pyle verf nie. Die Here eis *volkome* heiligheid van sy kinders. Dis hulle, sê die priesters in vers 5, wat die Here se seën en geregtigheid wegdra.

Dit is nie net die Ou Testament wat hierdie hoë standaarde stel nie. Ons vind presies dieselfde in die Nuwe Testament. Die briewe van die apostels is vol oproepe tot ŉ heilige lewe. Ons Here Jesus self se in die Bergrede dat dié wat rein van hart is, en hierby kan ons byvoeg, *slegs* die wat rein van hart is, die Here sal sien.

Geliefdes, wanneer ons dit hoor, dan besef ons dat nie een van ons voldoen aan hierdie standaarde nie. Nie een van ons mag volgens hierdie verse tot die Here nader nie. Trouens, niemand op aarde mag tot Hom nader nie. Die Here se standaarde is eenvoudig te hoog.

Ons moenie vir ŉ oomblik dink dat dit anders was vir die gelowiges in die Ou Testament nie. Hulle het ook nie hieraan voldoen nie. **[S]** Maar wat het hulle wel gedoen? Volgens vers 6 het hulle na die Here gevra; hulle het na Hom gesoek. Hulle het die *begeerte* gehad om Hom te dien. Hulle het die *begeerte* gehad om volkome rein te wees in gedagtes, woorde en dade. Geliefdes, en dit is die verskil. Dit is wat geloof ten diepste is. Om te besef wie die Here is, wat sy standaarde is, hoe ons is, wie ons is, hoe ver hulle tekort skiet – en steeds hoop om die Here te nader ... om steeds die begeerte te hê om Hom te dien.

Die Israeliete in Psalm 24 kon maar net pleit vir die Here se genade. En die Here het hierdie genade vir hulle gegee. Alhoewel hulle nie rein was nie, alhoewel hulle ver tekort geskiet het, het God hulle toegelaat om Hom te nader. Deur sy genade mag hulle in sy teenwoordigheid gekom het en Hom aanbid het.

Geliefdes, hierdie genade was nie: “Moenie bekommer oor julle sonde nie; Ek vee dit onder die mat in”. Dit kan tog nie wees nie. As God heilig is, en as sy standaarde so geweldige hoog is, kan Hy tog nie sê: “Julle moet hieraan voldoen”, en die oomblik wat hulle sê “Ons kan nie maar ons wil graag tot U nader” dan antwoord Hy: “Moenie bekommer nie”. Nee, as God volkome heilig is, en volkome regverdig is, dan moet Hy sonde straf. Dan moet Hy vir sondaarmense sê dat hulle nooit in der ewigheid in sy heilige teenwoordigheid mag kom nie.

Maar God se volkome heiligheid en geregtigheid is nie al waarvan ons in die Skrif lees nie. Hy is nie net volkome heilig en regverdig nie, maar ook volkome *barmhartig*. Hy het ons lief. Hy gee om vir ons met ŉ brandende liefde. Hy is genadig. In plaas daarvan dat Hy sê: "Jy mag nooit in my teenwoordigheid kom nie" of "Toemaar, Ek vee jou sondes onder die mat in", sê Hy: "Deur my genade sal Ek *jou* nie straf vir jou sonde nie. Ek stel my straf uit. Ek sal Iemand anders in jou plek straf vir jou sonde. Ek sal Hom laat deurgaan wat jy moes deurgaan. En Ek sal vir jou sy volkome heiligheid en geregtigheid gee, dat jy voor My kan staan, so rein en skoon dat dit lyk of jy nooit gesondig het nie" (vgl. HK Sondag 23 V&A 60). Dit, geliefdes, is die evangelie van ons Here Jesus Christus.

Deur Christus hoor en lees ons Psalm 24 met absolute sekerheid: "Wie mag klim op die berg van die Here? En wie mag staan in sy heilige plek?" Ek. Hoekom? Want deur Christus is ek "rein van hande en suiwer van hart"; deur Christus "hef ek nie my siel op tot nietigheid nie"; deur Christus "sweer ek nie vals nie". Deur Christus dra ek die seën van die Here, en geregtigheid van die God van my heil".

Geliefdes, maak dit nie jou hart warm nie? Laat dit jou nie trane van dankbaarheid kry nie? Die evangelie van Jesus Christus kan ons nie onveranderd laat nie. Dit verander ons. Dit maak ons nuwe mense. Dit maak dat ek nou alles in die stryd wil werp om al hoe meer te word wat Christus my gemaak het. Ek strewe nou daartoe om rein van hande te wees. Ek neem elke gedagte gevange en maak dit gehoorsaam aan Christus (2 Kor 10:5). Ek stry dat daar uit my mond nie vars en brak water kom nie (Jak 3:12). En dit doen ek nie op my eie nie. Ek het die troos dat die Heilige Gees – God self – in my woon en werk, en my lei om al hoe meer te groei in my heiligmaking.

Vir my en jou is die woorde van Psalm 24 dus ŉ baie sterk oproep om te groei in ons heiligmaking. En mag ons dit altyd ernstig opneem. Ons moet groei. Ons woorde, dade en gedagtes moet al hoe meer lyk soos Christus s'n. Dit moet, want die Here self sê in Hebreërs 12:14: "*Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie*".

Geliefdes, en dit bring ons uiteindelik by die derde deel van hierdie Psalm. Ons moet groei in ons heiligmaking, want

**DIE HERE KOM AS KONING (Ps 24:7-10)**

Die derde deel van die Psalm lyk of dit gesing is in by ŉ geleentheid toe die Here na sy heiligdom gekom het (vgl. Ps 15; 26; 68; 101; 132). Die beeld wat hier geskets word is van die Here wat die stad nader, en die poorte gevolglik groot moet oopmaak, sodat Hy kan inkom.

Wat die agtergrond van hierdie beeld is, is nie presies duidelik nie: Sommige stel voor dat dit verwys na die geleentheid waar Dawid die ark van die Here gebring het vanaf Obed-Edom se huis na Jerusalem (2 Sam 6). Ander stel weer voor dat dit verwys na die ark van die Here wat na ŉ veldslag teruggebring word na die heiligdom. Tydens oorlog het Israel gereeld die ark saam met hulle geneem (vgl. 2 Sam 11:11; 1 Sam 4:3). Dit was ŉ simbool van die Here se teenwoordigheid. Ná die veldslag is die ark dan weer teruggebring na die heiligdom as teken van die Here se oorwinning (vgl. Num 10:35-36).

Nog ander stel nog ander moontlikhede voor as die agtergrond van hierdie deel van Psalm 24. Ons weet egter nie. Dit lyk wel of hierdie woorde ook in beurtsang gesing is, en weer as vraag en antwoord. Indien dit verwys na die ark van die Here wat na die heiligdom kom, sou die ark-draers vol vreugde die woorde van vers 7 geroep het: "*Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan*". Die stad moes gereedmaak vir die Here se koms. Die hekwagters sou dan vra – vers 8 – "*Wie is tog die Erekoning?*", waarop die ark-draers antwoord: "*Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd*". Byna dieselfde word in vers 9 en 10 gevra en geantwoord, waarskynlik vir musikale redes en beklemtoning.

Ons het hierdie preek begin deur te sê die Bybel openbaar wie die Here is. Die slotwoorde van hierdie Psalm doen presies dit. Hier hoor ons:

- <u>Die Here is Koning</u>: Hy is die Een wat regeer. Maar Psalm 24 gaan egter nog verder as ons die Here "koning" te noem. Hy word spesifiek die "Erekoning"

genoem. Hierdie is die enigste plek in die Bybel waar hierdie spesifieke benaming gebruik word. Hy is die "heerlike Koning". Al die eer behoort aan Hom.

- Die Here is die Oorwinnaar: Hy is die een wat terugkeer na die heiligdom as Oorwinnaar. Dwarsdeur die Ou Testament word die Here uitgebeeld as die Een wat saam met sy volk uitgaan in oorlog (vgl. Eks 15:3; Deut 20:2-4). Hierdie laaste verse van Psalm 24 beskryf Hom ook in militêre terme. Hy is "sterk en geweldig", "geweldig in die stryd". Hy is volgens vers 10 "die HERE van die leërskare" (vgl. 1 Sam 4:4; 17:45; 2 Sam 6:2), 'n frase wat verwys na sy soewereiniteit. En wat 'n troos is dit nie vir my en jou nie? Maak nie saak hoe dinge rondom ons lyk nie, ons kan weet: Die Here is die Oorwinnaar. Niks en niemand kan teen Hom in opstand kom nie. Hy verloor nie. Hy kan nie verloor nie. Hy stuur alle dinge volgens sy groot en ewige raadsplan.
- Die Here kom na sy volk: Hy kom as oorwinnende Koning.

Ons hoor dus in hierdie slotwoorde: Die Here is Koning, Hy is die Oorwinnaar, en Hy kom. Ons kan nie as Nuwe-Testamentiese gelowiges hierdie laaste verse lees sonder om aan Christus te dink nie. Dit is ook presies wat die Vroeë Kerk gedoen het. Redelik vroeg is hierdie woorde gekoppel aan Christus. Sommige het dit gekoppel aan Christus se Hemelvaart. En is dit nie pragtige simboliek nie? Met Christus se hemelvaart het gelowiges gesing dat die poorte van die hemelse heiligdom moet oopmaak, want die Erekoning wil ingaan.

Maar daar is nog 'n verklaring wat gelowiges deur die eeue aan hierdie woorde gegee het. Sommige koppel dit aan Christus se wederkoms. En hoe treffend is dit nie? As Hy weer kom, kom Hy as Koning. Hy kom as die Oorwinnaar. Hy kom na sy kinders toe. Ons kan nie die boek Openbaring lees sonder dit om keer op keer te hoor nie. As Christus weer kom, kom Hy as die Erekoning!

Tot en met daardie dag streef ons as gelowiges om alles in die stryd te werp om te groei in ons heiligmaking, om van Hom te getuig, om Hom in alles te eer. Ons sien ons uit na daardie dag. En ons bid saam met die kerk van alle eeue: "Kom, Here" ... "Kom, o Erekoning" ... "en kom tog gou!" **Amen**.